## ***ELJADA HUIS MSW***

MAATSKAPPY SONDER WINSOOGMERK

18 April 2013

Dagsê Almal

**My storie**:

Ek sluit my oë moeg en vol trane gisteraand en dank die Here vir sy liefdevolle versorging by hierdie huis. Weereens maak Hy my bewus van my kleinheid voor Hom en ek dra die mensie wat my vandag so diep geraak het aan Hom op. Haar oë is so vol trane, haar wese straal 'n baie diep seer uit en die hartseer gesiggie maak dat ek haar net aan my bors wil vasdruk. Haar seerkry is so diep gewortel en ek bid dat die Here wat haar hierheen gelei het, ons die krag sal gee om haar uit hierdie put te haal. Sy voel selfs van God verlate.

Ek vra dat julle sal dink aan die Eljada Huis in julle gebede en om daagliks vir 48 monde te voorsien is nie maklik nie en ons benodig

***KOS*** – ons gebruik vandag ons laaste margarien en die res van ons kosvoorraad is **baie** laag.

*Blikkies – vleis, vis en groente
*Soja, rys, macaroni en spaghetti
*Koffie, tee, suiker en boksmelk
*Broodsmere – konfyt, stroop, grondboontjiebotter, Bovril
*Kookolie, eiers en koekmeel
*Vars vleis, groente en vrugte
*** Toiletware – seep, tandepasta, sjampoe, spuitgoed, aanrol, skeer messe, handeroom, waspoeier, sunlightseep.

Ek wil graag noem dat in die byna 3 jaar wat ek hier is kan ek terugkyk en besef dat die mense werklik gesonder is as die eerste jaar waarin ek voordurend siektes gehad het en die feit dat hulle gesonder eet maak beslis 'n groot verskil. Ek en Petro probeer om 'n gebalanseerde bord kos voor te sit – protein, stysel en vitamien - en die kospakkie oor naweke ook so op te maak. 'n Kospakkie oor 'n naweek bestaan uit 1 blik vis, 1 blik vleis, 1 groente, 1 baked beans, 1 pakkie soja i.p.v. vis of vleis, botteltjie suiker, genoeg tee of koffie vir die naweek, brood en 'n smeer, rys of pasta. Indien ons ekstra het **<u>soms</u>** 'n bietjie margarien, 1 liter melk, 1 eier per persoon en kookolie. Ons is dikwels in die dilemma dat daar nie voldoende is per gesin nie en ek wil 'n dringende beroep doen op al die diakonieë om my hierin te help asseblief.

**Ander behoeftes:**

# Margarien of ander leë plastiese houers en blikke,
# Ou krale, knope, kant en lintjies
# Ou hangers, skottels en bakke
# Plastiese sakkies

Kom kuier gerus en sien hoe die huis ook 'n gedaanteverwisseling ondergaan het – einde van 2012 is die huis buite netjies geverf, die afdak langs die huis is pas klaar en ek wil 'n groot dankie aan die borg daarvoor hiermee oordra namens die Eljada Huis se mense. Dit is lekker om hier te wees en die omgee te ervaar. Sodra die hersonering afgehandel is gaan

daar nog groter dinge gebeur. Ons is so gefrustreerd binne die huis met die min spasie maar wag geduldig en is onbeskryflik dankbaar vir elke verbetering wat aangebring word. Werlik ‘n uitreikaksie waarop julle trots kan wees. Raak betrokke en ervaar saam met my hierdie onbeskryflike gevoel van dankbaarheid aan die Skepper en Gewer van alle dinge. Eljada Huis groete.

**Terloops** – ek gaan bietjie vir my dogter kuier in Dubai – my klein dogter arriveer en ouma gaan daar wees. Ek is dus buite bereik van Woensdag 24 April tot 10 Mei maar Petro is hier by die huis.

Ons bankbesonderhede :
***Eljada Huis, Standard Bank, Montana, Marketlink spaar, 044396058, kode 051001***

Kontakbesonderhede:
***Eljada Huis***
***Boekenhoutkloof straat 949, Claremont.***
***T – 012 377 0503***
***S – 072 855 8289 Annatjie***
***S – 076 738 2623 Petro***
***eljadahuis@mweb.co.za***
***www.eljadahuis.weebly.com***